

BO: Powerstar se verkoop- en bemarkingspan. Van links is, agter: Mike Hawkins, streekverkoopsbestuurder; Shani Rossouw, bemarkingskoördineerder, Sandy Chudayan, verkoopsleier, Charlene Stols, verkoopadministrateur, en J.J. Schülz, senior verkoopsleier; voor: Bob Wang, uitvoerende hoof, en Mark Beukes, hoofbestuurder van verkope en naverkopediens.

# Boere help verstommende groei aan

Die markaandeel van Powerstar groei stewig in Suid-Afrika. Een van die redes daarvoor is dat die voertuie ideaal vir die landbou is omdat dit ontwerp is vir maklike bedryf en versiening.

Powerstar, een van die vragmotormaatskappye wat die vinnigste in Suid-Afrika groei, is vinnig besig om sy droom – dat hy een van die bekendste vragmotorhandelsmerke in Suid-Afrika en Afrika word – te verwesenlik. Dit spreek duidelik uit sy prestasie in 2012. Nie net het Powerstar se afset met 316% toegeneem nie, maar sy markaandeel het met 7% gegroei.

Volgens mnr. Mark Beukes, Powerstar se hoofbestuurder van verkope en naverkopediens, is 'n gesonde porsie van hierdie groei te danke aan die landbousektor. "Ons voertuie is ideaal vir boere. Hulle is spesifiek ontwerp vir eenvoudige bedryf en maklike versiening. Boonop is hulle taai genoeg om klaar te speel met die strafste toestande," sê hy.

**'Ons voertuie is ideaal vir boere.'**

Volgens Beukes kan die maatskappy se prestasie toegeskryf word aan 'n buitengewone spanpoging, wat gegrond is op 'n nugtere, praktiese en doeltreffende bestuurstyl.

"Een van die sleutel-suksesfaktore was die maatskappy se vermoë om dinge 'op sy manier' te doen. Ons het daardie elemente wat werk, behou. Terselfdertyd het ons ontslae geraak van dinge wat nie werk nie. Ons is nie bang om ons instinkte te gebruik om besluite te neem en dinge gedoen te kry nie.

"Ons word gelei deur ons omvattende ondervinding van die vragmotorbedryf en ons geloof dat ons in die besigheid is om in ons klante se behoeftes te voorsien. Terselfdertyd skep ons 'n werkomgewing waarin ons span elke dag gelukkig kan wees," sê Beukes.

Mnr. Bob Wang, uitvoerende hoof van Powerstar, beaam hierdie siening. "Ons het 'n plat korporatiewe struktuur gebou in die geloof dat elke enkele werknemer in die organisasie iets waardevols kan aanbied. Dit het uitstekende vrugte afgewerp wat betref die verbreding van die ondervindingsnet en, uiteindelik, om aan klante aan te bied dit wat hulle verlang," sê hy.

Volgens Wang is dit nie net die interne houding wat die verjonging van Powerstar aangevuur het nie, maar ook die merkwaardige houding van Powerstar se klante. "Hulle is deur 'n moeilike tyd met ons produkte en nogtans het hulle lojaal gebly. Dit is 'n oorweldigende mosie van vertroue in hul geduld en, glo ons, die gehalte van ons produkte en ons diens en rugsteun."

## VERNUWEND

Hierdie reaksie van die plaaslike mark is nie verbasend nie. Sedert sy eerste hoëgraadse swaardiensvragmotors in 1989 van die produksielyn gery het, was Powerstar nougeset en vernuwend in sy benadering van ontwerp en die toepassingsvereistes van sy voertuie om te verseker dat klante die volle voordeel trek van Powerstar se wêreldklas-tegnologie – ondanks uiters laekoste-produksie.

Dit is nie net in Suid-Afrika dat die maatskappy homself bewys het nie. In die laaste klompie dekades het die gehalte en verrigting van Powerstar se produkte wêreldwyd 'n benydenswaardige reputasie verdien.

Hierdie erkenning is verkry deur betroubare verrigting en diens in die strafste moontlike bedryfstoestande. Van bergagtige terrein tot diep in myngroewe en in die boubedryf gee Powerstar se duursame staatmaker-vragmotors steeds nuwe betekenis aan die konsepte van "gehard" en van "betroubaar".

"Die eenvoud van Powerstar se produkte moet duidelik begryp word," sê Beukes. Hoewel die vragmotors ontwerp is vir maklike bedryf en versiening, bly Powerstar verbind, deur omvattende navorsing en ontwikkeling, om sy ontwerpe volgehou te verfyn en aan te pas om te voldoen aan die steeds veranderende vereistes van die mark.




ONDER: Die Powerstar 26-28 VX 6x4, wat verkrygbaar is in kort- en langasafstand.

## TOONBEELD VAN UITMUNTENDHEID

'n Toegewyde span Powerstar-navorsings- en -ontwerpingenieurs was verantwoordelik vir die meerderwaardige ontwerp en die tegniese ontwikkeling van die nuwe reeks. Hul nougesette vakmanskap het gelei tot 'n meesterstuk vir toepassings van die pad af, die VX, en die ultramoderne V3, 'n swaardiensvragmotor vir langafstandvervoer.

Die kragtige VX-mededinger in die veldrysegment spog met 'n byderwetse en verbeterde kajuitontwerp om die lewe vir die bestuurder nog geriefliker te maak. Die VX-reeks is verlede jaar bekend gestel as die 1729 4x4, 2628 6x4, 3335 8x4, 2635 6x6- en die 4035 8x4. Die nuwe VX se wringkraglewering en werkperdvermoë bly, danksy die befaamde, kragtige en kompakte Weichai-enjin, onbetwisbaar.

**Ons wil deurentyd aan klante bied wat hulle verlang.**

Een van die bepalende eienskappe van die langafstand-, swaardiens-V3 is sy superieure kajuitgerief, waarin ruimte tot die optimum benut word vir bestuursig, en die instrumentpaneel met sy unieke ontwerp veiligheid en groter produktiwiteit in die hand werk. Die keurig gevormde ontwerplyne is in pas met Europese ontwerpneigings. Gevolglik is dit 'n pragtige sowel as produktiewe en betroubare masjien. Die 2646-voorhaker word nog vanjaar bekend gestel.

## 'N GLOBALE DRYFKRAG

Met 'n teenwoordigheid in meer as dertig lande is Weichai die wêreld se grootste vervaardiger van hoëspoed-dieselenjins. Dit het 'n jaarlikse produksievermoë van 80 miljoen kilowatt met enjins wat wissel van 30 kW tot 7 450 kW.

Die maatskappy se vervaardigingsvermoë is uiters uiteenlopend. Dit wissel van kleinboorenjins vir ligte vragmotors, masjiengrawe, vurkhysers en mariene-toepassings tot die kragtige reeks Weichai-enjins vir busse en trekkers, en ingenieurs- en mariene-toepassings. Om aan die voorpunt van tegnologiese mededingendheid te bly, het Weichai meer as 800 hoogs opgeleide navorsings- en ontwikkelingsingenieurs.

## STEUNPILAAR

Powerstar het verlede jaar sy span ingenieurs en tegniese kundiges vergroot met die oog op hoëvlak-beraadslaging om tegniese probleme in 'n vroeë stadium na te speur en met oplossings te kom. Daar is ook internasionale verteenwoordigers van Beiben, Weichai en Fastgear wat by die Pietermaritzburg-aanleg om enige kwessie ten opsigte van tegniese veranderings met die betrokke bedryfsafdeling in China te bespreek en op te los.

Deur die uitruil van idees trek die maatskappy die voordeel van die voortgesette bydrae wat verteenwoordigers van sy Chinese en Europese eweknieë lewer. Hierdie gedeelde kennis help grootliks om die vlak van ontwikkeling en opleidingswisselfunksionaliteit te vergroot.

Met die oog daarop is verteenwoordigers van Powerstar voor die bekendstelling van die nuwe V3-reeks vir tegniese opleiding na China gestuur.

Powerstar sien uit na 'n opwindende jaar. Hy wil sy groeiende handelsmerkbeeld in die Suider-Afrika en die res van Afrika versterk met sy baanbrekerprodukte. "Ons sal ons voorsprong, naamlik om vragmotors te vervaardig wat ideaal vir Suid-Afrikaanse toestande is, benut en ons daarop toespits om ons gehalte en diens te verbeter. Ons glo dat ons ons werksaamhede op elke terrein voordurend moet verbeter," sê Beukes. **LBW**



BO: 'n Betroubare en ekonomiese karweier: Die Powerstar 40-35 VX 8x4.